BEELD
Thursday, 15 November 2007, p. 5

Verskaffers van gebottelde water onder soeklig

Leandra de Waal

Kaapstad. – Die Suid-Afrikaanse Nasionale Vereniging vir Gebottelde Water (SANBWA) het onderneem om onmiddellik teen verskaffers van gebottelde water op te tree wat die publiek mislei.

Dit volg ná 'n verklaring deur die Nasionale Verbruikersforum (NVF) oor die gevare van gebottelde water.

'n Vergadering tussen SANBWA en die verbruikersforum is vir volgende week belê nadat mnr. Thami Bolani van die NVF verlede week in 'n verklaring gesê het gebottelde water hou 'n risiko vir die omgewing en mense se gesondheid in.

Bolani het verbruikers aangeraai om seker te maak hulle weet wat die bron van die water is wat hulle drink.

Bolani het gesê die NVF twyfel nie dat daar maatskappye in Suid-Afrika is wat kraanwater aan mense as fonteinwater verkoop nie.

Volgens hom is dit 'n misdaad om verbruikers te mislei en water teen vyf keer die oorspronklike prys te verkoop.

Hy het gesê die wet moet uitgevoer word om verbruikers te beskerm.

Mnr. John Weaver, voorsitter van SANBWA, het gesê Suid-Afrika se wetgewing oor gebottelde water is uitstekend.

Ingevolge dié wetgewing moet die bron van die water aangedui word.

"Dit is teen die wet om kraanwater in 'n bottel te sit en te sê dit is van 'n natuurlike bron af.

"As SANBWA oor so iets uitvind, sal ons die nodige stappe doen om dit te stop. Maatskappye moet altyd sê wat hulle bron is en die proses waardeur die water gaan."

Volgens hom het Suid-Afrika nog nie 'n geval gehad waar 'n maatskappy oneerlik oor hul bron is nie.

Hy het gesê water wat uit munisipale bronne kom, duidelik op die bottel moet sê dat dit "voorbereide water" is.

"Daar is maatskappye wat munisipale bronne gebruik. Maar hulle sit weer minerale in die water en die water gaan deur 'n suiweringsproses."

Mnr. Rashid Kahn, streekdirekteur van die departement van waterwese en bosbou, het gesê behalwe die omgewingsrisiko wat onvergaanbare plastiekbottels inhou, veroorsaak die vervoer van gebottelde water ook lugbesoedeling.

MIV-entstofstudies gestop